

## Die waarde van BLUP vir die Merino stoetteler

Ben Brynard

*Gedurende 2002 opper die bekende genetikus, Prof Gert Erasmus, die onderstaande stelling: "SA Merino breeders know much about change in a changing world. Drastic changes to both their breeding objectives and breeding methods have led to a change in the Merino just short of a genetic miracle. Not all breeders, however, took up the challenge of change and were left by the wayside. For those who did, there are even greater challenges ahead."*

Met bostaande as agtergrond, is dit opvallend dat vir baie Merino stoeterye bly die gebruik van BLUP slegs 'n "noodhulpkissie" en sal die profetiese woorde van prof. Erasmus vir diegene nog vir baie jare van toepassing wees. Dit is juis hierdie stoeterye wat sukkel met die toepassing of aanvaarding van BLUP resultate. Die vraag bly egter of ons in die toekoms sal kan kompeteer met die mega Merino stoeterye in Australië wat reeds alle nuutste genetiese tegnologie gebruik, indien ons nie daadwerklik gaan aanpas by veranderende tegnologie nie. Die enigste oplossing is gesetel in die gebruik van BLUP waar vir die mees ekonomies belangrikste produksie-, reproduksie- sowel as visuele eienskappe geselekteer word. Hiervoor is volledige ouerskap-rekords nodig. Die Merino stoeterye wat dit reeds het, sal beslis in die toekoms 'n enorme kompeterende voordeel hê.

### Voordele van BLUP vir die Merino stoetteler

- Doeltreffender bereiking van 'n vasgestelde teeldoelwit - voortdurende verskuiwing van die gemiddelde tov produksie- en reproduksie-eienskappe. Voordat die stoetteler kan verbeter moet hy presies weet waar hy is.
- Akkurate bepaling of teeldoelwit bereik is - bestudeer genetiese tendens soos verskaf deur LNR en sien waar foute gemaak is.
- Uitskakeling of minimalisering van foute ter bereiking van teeldoelwit.

### Fokus van die stoetteler na sy kliënt, die kuddeboer

Die teeldoelwit moet enersyds deur die stoetteler vasgestel word, maar anersyds moet die behoeftes van sy kliënt die kuddeboer ten volle in aanmerking geneem word by die vasstelling van 'n teeldoelwit. Die vasstelling van die teeldoelwit moet dus ten doel hê om die kuddeboer meer geld te laat maak en daarom is dit belangrik dat korttermyn tendense of pryse geïgnoreer moet word.

Die kuddeboer soek eerstens ramme by die stoetteler waarmee hy meer geld kan maak. Die stoetteler sal die gemiddelde van die produksie- en reproduksie eienskappe wat geld inbring, dus voordurend moet verskuif. Om die gemiddelde van jaar na jaar te verskuif, sal die stoetteler moet seker maak dat hy elke jaar beter ramme as die vorige jaar gebruik. BLUP is daarom die ideale 'tool' om die gemiddelde jaar na jaar in die regte rigting te skuif.

BLUP is dus glad nie geskik om 'image' te bou, skouprestasies na te jaag, skoudiere te teel of te probeer om die meeste ramme te verkoop nie.

### Vasstelling van 'n teeldoelwit

Boerdery is vandag 'n volwaardige besigheid en kan "die verhoging van boerderywins" seker beskou word as 'n ideale teeldoelwit. As die boerderywins uit Merinoskape verhoog moet word, sal daar beslis aan die produksie kant aandag gegee moet word aan aspekte soos meer vleis, laer veseldikte, skoonvagnmassa en beter stapellengte. Aan die reproduksie kant behoort aspekte soos genetiese verhoging van speenmassa, asook verbetering van ooiproduktiwiteit (meer vleis per produksie-eenheid), as prioriteite beskou te word. Die subjektiewe aspekte van wol, nl. variasie, kwaliteit, wol-olie, onderlyne, asook subjektiewe aspekte van bouvorm, soos bv. hakke, voorbene, kote en kleur, behoort ook aandag te geniet. BLUP is weer eens die ideale 'tool' ter bereiking van bostaande teeldoelwit, aangesien die produksie, reproduksie, sowel as belangrikste visuele eienskappe, ten volle ge-inkorporeer word.

### Resultate behaal met BLUP in die praktyk

Om die waarde van BLUP in die praktyk te illustreer, is die resultate van produksie-, reproduksie- en visuele eienskappe van 123 Merino ramme, afkomstig uit vier verskillende bronne en wat in die Vrugbaar Merino stoeterie (Gereg. nr 1832) as vaers gebruik is, ontleed. Die 123 Merino ramme het 13 325 nageslag voortgebring waarvan die meerderheid aan prestasietoetsing onderwerp was. Die bronne van ramme wat gebruik is, was as volg:

- Ramme uit eie stoeterie met volledige BLUP teelwaardes (ES – Eie Ramme),
- Ramme uit vreemde stoeterie met volledige BLUP teelwaardes (VS – BLUP Data),
- Ramme uit vreemde stoeterie met slegs binne-kudde-indekse (VS - Indekse),
- Ramme uit vreemde stoeterie met geen inligting, maar met uitstaande visuele wol- en bouvorm-eienskappe (VS – Geen data).

Die gemiddelde resultate wat die 13 325 nageslag van hierdie ramme opgelewer het, word in onderstaande tabel weergee:

Die afleiding wat uit bostaande resultate gemaak kan word, is dat ramme met volledige BLUP data 'n bruto marge van R17,39 per KVE meer gerealiseer het as ramme waarvan geen produksiedata beskikbaar was nie. As die reproduksie-inligting, in terme van lam-massa-gespeen, ook in aanmerking geneem word, raak die finansiële voordeel 'n aansienlike bedrag. In terme van die visuele eienskappe van wol en bouvorm kon die sogenaamde top 'naam' of "lucky packet" ramme ook nie beter presteer nie.

	LM(kg)	SVM(kg)	VD(u)	SL(mm)	REW(R/c)	LMS(kg)	WP	BP
VS – Geen Data	(1.20)	(0.030)	0.23	(1.83)	(5.09)	(0.82)	5.6	5.7
VS – Indekse	1.15	(0.170)	(0.13)	0.40	1.67	(1.51)	5.5	5.6
VS – BLUP Data	1.59	0.111	(0.57)	1.54	12.78	0.80	5.3	6.0
ES – Eie Ramme	2.10	0.098	(0.42)	2.43	11.82	0.46	5.6	5.8

### Aanbevelings

- Vermy die gebruik van enige ramme met minimale of geen produksie- of reproduksie-inligting beskikbaar, die sogenaamde “naam” of ‘lucky-packet’ ramme,
- Moet onder geen omstandighede ’n vreemde ram vir die verbetering van reproduksie-doeltreffendheid gebruik as die volgende inligting nie beskikbaar is nie:
  - a Aantal lamkanse en aantal lammers gespeen van die moeder,
  - b Ooiproduktiwiteits-indeks van die moeder,
- Maak seker hoe ’n ram se half broers en half susters tov visuele eienskappe presteer het, voordat ’n ram gebruik word. As ’n ram uitstekende wol- en bouvorm-eienskappe visueel vertoon, is daar geen waarborg dat dit na sy nageslag oorgedra gaan word nie.

### Afsluiting

BLUP is ’n uitstekende “tool” binne enige stoetery vir die verbetering van produksie, reproduksie-, sowel as subjektiewe eienskappe – gebruik dit as sodanig. Moet asseblief nie die skaap miskyk nie, maar moet ook nie die syfers ignoreer nie. Enige **stoetteler** wat ’n



doelgerigte strategie volg vir die genetiese verbetering van sy diere en om dus beter genetiese materiaal aan sy kuddeboer-kliënt beskikbaar te stel, behoort BLUP deel van hierdie strategie te maak. Daar is ’n spreekwoord wat sê: “Om te weet is nie so belangrik nie maar om te doen dit wat jy weet, is baie belangrik”. ■